



TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Posbus 13383, Hatfield 0028 T: 012-362 0660 E: toibo@imagnet.co.za

Geagte Dominee

'n Geseënde 2019 word u toegewens.

Die jaar het op 'n hoë noot begin met die bekendmaking van die 2018-matriekuitslae.

Jaar na jaar presteer die matrikulante uitsonderlik goed. Die 2018-matrikulante het ook nie teleurgestel nie. Van die 90 matrikulante het 78 vir verdere studie gekwalifiseer. Daar was slegs 2 duipelinge, en 5 leerders moet aanvullende eksamens aflê. Altesaam 25 onderskeidings is behaal. Hoërskool Martie du Plessis en Transoranje-skool spog met 'n 100%-slaagsyfer.



Jason McMahon, leerder van Hoërskool Martie du Plessis, is aangewys as die Vrystaat se toppresterder, met vier onderskeidings. Benewens hierdie prestasie het hy gedurende 2018 'n goue medalje verower by Eskom se Internasionale Wetenskapekspo vir jong Wetenskaplikes, vir sy draagbare sonaangedrewe opwektoestel.

Prinshofskool het die beste en naasbeste toppresterders vir LSOB-skole in die land opgelewer. Mongezi Mbatha (swaksiende) is aangewys as die toppresterder, met drie onderskeidings, en Rohan Crafford (blind) as die naasbeste presterder, met vier onderskeidings.



Op finansiële gebied het dit minder goed gegaan.

Die inkomste vir die 2018-boekjaar was 11,08% minder as die begrote inkomste van R1,647,500. Die totale uitgawe was ook minder, en dit het verseker dat daar met 'n klein tekort afgesluit kon word. Ten spyte daarvan het TOIBO haar verpligtinge nagekom teenoor die skole en 'n daadwerklike verskil gemaak waar dit die nodigste was.

Die nuwe jaar bring ook nuwe uitdagings. Die getal kinders wat op 'n daaglikse basis van voedsel voorsien moet word, raak al hoe groter. TOIBO het vanjaar 'n addisionele bedrag van R100,000 (R5,000 per skool per kwartaal) beskikbaar gestel om in hierdie en ander noodsaaklike behoeftes te voorsien.

Solidariteit Helpende Hand het skooltasse aan die minderbevoorregte graad eens voorsien en gaan ook kwartaalliks van ons tienermeisies help deur middel van hul Help Hetta-projek. Die NG Kerk Sinode KwaZulu-Natal se Christelike Maatskaplike Dienste borg ook vanjaar die skool- en koshuisgeld van twee leerders van Prinshofskool ten volle. Dit is hulp soos hierdie wat kinders hoop gee.

Dankie dat ons weer vanjaar kan staatmaak op al ons vennote om ons te help om 'n verskil in kinders se lewens te maak.

Tot volgende keer

Bankbesonderhede:

ABSA

Rekeningnommer: 020 840 145

Takkkode: 632 005

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTTE

DS FRANCOIS ESTERHUIZEN
VOORSITTER